Laerskool Kruinsig

**Afrikaans : Huistaal**

Taalstrukture en -konvensies

Graad 6

| Afd. A | Afd. B | Afd. C | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 25 | 15 | 15 | 55 |

**Eksaminator:** M. Ullerstam

**Leerdergemiddeld:** ________%

**Moderator:** A. Heydendrych ________________________

**Datum:** 12 Junie 2018

**Instruksies:**

- Skryf netjiese aaneenlopende skrif met jou **BLOU PEN**.
- Alle antwoorde moet op die **ANTWOORDBLAD** ingevul word.
- Voltooi al die vrae.
- Lees jou vrae deeglik.
- **SPELLING** tel!
- **NB:** 'n Netjiese vraestel tel in jou guns!
- Mooi dink en lekker skryf!

| Naam: | Graad 6: |
|---|---|

Lees die teks, **Nataniël sê**, en beantwoord al 3 afdelings.

## Afdeling A

1. In watter land bevind Nataniël homself? ______________________________ (1)
2. Onderstreep die regte antwoord: (1)

   Nataniël woon in 'n:

   a. huis

   b. kasteel

   c. meenthuis

   d. woonstelblok

   e. Nie een van die bogenoemde nie.

3. Haal 'n deel uit die teks uit aan wat sê dat baie van die besighede oud is. (1)

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

4. Hoeveel winkeltjies is daar wat spesialiseer in Franse soetgoed? (1)

__________________________________________

5. Dink jy dis ‘n goeie idee om elke dag ‘n ander roete huis toe te neem. Motiveer jou antwoord. (1)

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

6. Onderstreep die regte antwoord: (1)

Nataniël maak van die volgende vervoer gebruik:

a. ‘n motor

b. ‘n trein

c. ‘n taxi

d. ‘n bus

e. Nie een van die bogenoemde nie.

7. Beskryf in jou eie woorde wat jy dink ‘n **handtertjie** is. (sin 9) (1)

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

8. Onderstreep die regte antwoord: (1)

Die woord **miniatuurpoedings** (sin 9) beteken:

a. Groot bakke poeding.

b. Poeding in ‘n glasbakkie.

c. Winkelpoedings

d. Klein poedinkies.

e. Nie een van die bogenoemde nie.

9. Hoekom dink jy word na Franse soetgoed as “eetbare kunswerke” (sin 9) verwys? (1)

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

10. Wat is volgens Nataniël deesdae ons grootste vyand? (1)

____________________________________.

11. Watter twee tipes mense hou nie van suiker nie? (2)

______________________________________________________________________________

12. Noem twee redes hoekom ons suiker in ons kos gebruik. (2)

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

13. Hoeveel lepels suiker kan ‘n man eet voordat hy gewig sal optel? (1)

______________________________

14. Wat dink jy beteken “verskuilde suiker”? (1)

______________________________

______________________________

15. Gee twee redes hoekom die Franse nie sommer gewig optel nie. (2)

______________________________

______________________________

16. Hoekom dink jy is “gesonderig” (sin 32) in aanhalingstekens geskryf? (1)

______________________________

______________________________

17. Gee ‘n sinoniem vir sluimer (sin 23): ______________________________ (1)

18. Ondersreep die korrekte antwoord: (1)

(sin 34) “Moenie aansit by ‘n tafel met bakke kos in die middel nie, só ‘n tafel het al menigte geslagte vermoor.” Die betekenis van die sin is letterlik / figuurlik.

19. Wat is jou opinie oor suiker? (1)

______________________________

______________________________

______________________________

20. Gee die afkorting vir teelepel: ____________________ (1)

**Totaal 25**

## Afdeling B

1. Verdeel **historiese** (sin 8) in **lettergrepe**:________________________________________ (1)
2. Dui aan of die volgende lettergrepe **oop** of **geslote** is: meu-bel-win-kels **- - -** (1)
3. Verdeel **blommewinkels** (sin 3) in **klankgrepe**: ___________________________________(1)
4. Identifiseer ‘n **eienaam** uit die teks: ____________________________ (1)
5. **Liefde** (sin 7) is ‘n voorbeeld van ‘n _______________________ selfstandige naamwoord.(1)
6. Identifiseer ‘n **stofnaam** uit die teks: ____________________________ (1)
7. Onderstreep die korrekte antwoord: **glas** (sin 35) is ‘n voorbeeld van
   ‘n soortnaam / maatnaam / stofnaam (1)
8. Pas kolom B by kolom A. Skryf slegs die korrekte **nommer** neer.

| Kolom A | | | Kolom B | |
|---|---|---|---|---|
| A | sjokolade | | 1 | kompleks |
| B | maaltyd | | 2 | simpleks |
| C | kroontjies | | 3 | samestelling |

(3)

9. Skryf die **verkleining** van **lywe** (sin 21): ____________________________ (1)
10. Wat is die **meervoud** van **brood** (sin 24): ____________________________ (1)
11. Wat is die **enkelvoud** van **besighede** (sin 8) ____________________________ (1)
12. Skryf die volgende sinne in **ontkenning**: (1)
    Suiker is goed vir jou.

    ______________________________________________________________________________

13. **Beantwoord** die volgende vraag in die **ontkenning**. (1)
    Het jy al ooit ‘n macaron geproe?

    ______________________________________________________________________________

## Totaal 15

## Afdeling C

1. Ontleed die woord **kraakbeskuitjies** en bepaal deur middel van die bedrae wat aan elke groep toegeken is, hoeveel die woord werd is. (1)

| Konsonant | Vokaalgroep 1 | Vokaalgroep 2 | Vokaalgroep 3 |
|---|---|---|---|
| 50c | R2.00 | R1.50 | R1.00 |

____________________________________________________________

____________________________________________________________

R_______________

2. Skryf die volgende sin in die **indirekte rede**: (1)

**Nataniël sê: "Frankryk se soetgoed is onweerstaanbaar."**

____________________________________________________________

____________________________________________________________

3. **Ontleed** die volgende sin deur die ontbrekende dele in te vul: (3)

**Sjefs bak daagliks vars croissants.**

| | |
|---|---|
| Gesegde: | ____________________ |
| Onderwerp: | sjefs |
| Voorwerp: | ____________________ |
| Byvoeglike bepaling: | ____________________ |
| Bywoordelike bepaling: | daagliks |

4. Gebruik die **voegwoord** in haakies om die volgende twee sinne saam te voeg: (1)

**Nataniël het daagliks iets soets geëet. Nataniël het geen gewig opgetel nie. (Alhoewel)**

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

**5. Onderstreep die korrekte spelling:**

Mens moet altyd 5.1 (vars/fars) 5.2 (bestandele/bistandele/bestanddele) gebruik om mee te 5.3 (bak en brou / bak-en-brou). 'n Mooi 5.4 (versierde/garneerde) koek is altyd 'n 5.5 (gooie/goeie/goeije) rede om 5.6 (fees/vees) te 5.7 (vuur/fier/vier/fuur). Maak seker dat jy jou oog op die 5.8 (klok/oorlosie/horlosie) want 4-uur is dit teetyd!

(8 x ½ = 4)

6. Skryf die volgende woorde in **alfabetiese volgorde:** (1)

vleisgeregte, groentedisse, bredies, brood, kraakbeskuitjies, korse soetgoed.

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

7. Vul die korrekte voorsetsels in: (3)

Die fyngebak word ________ die vertoonvensters van bakkerye uitgestal. Kindertjies staar platneus teen die vensters _________ al die lekkerye. Hulle wens hulle kan _______ die soetgoed proe.

8. Waarvoor staan die afkorting ml? ________________________________________ (1)

# Totaal 15